SAKV Nuusbrokkies

Week 13/2009

Proud SANA Sponsors

5 Star:

Bayer Environmental Science

COPROSMA NURSERY cc

EFEKTO

Erlima Wholesale Nursery

Magenta Plant Distributors

Malanseuns

Quality grows Rosendal Farms

MayFord

Starke Ayres

4 Star:

garden pavilion

Doonholm Nursery

Hadeco

Horticulture International Keith Kirsten

MIT

Peebles Plants Wholesale Plant Growers

Plant Smart

3 Star:

Elands Wholesale Nursery

Floraform garden centre

Tuberflora "Just Add Water"

Thank you for your support

Hartlike Welkom:

Ons verwelkom die volgende maatskappye as nuwe SAKV lede:

Inheemse Plantkwekersvereniging
Mirte Groot Bome – De Wildt, Gauteng
Molteno Brothers – Elgin, Weskaap
Spoelklippies – Olivedale, Gauteng

Sierplantkwekers Vereniging
Clifton Flowers – Eston, KZN
Samgro – Somerset West, Weskaap

Verwante, Bol & Saad Handelsvereniging
Anorica – Knoppieslaagte, Gauteng
Castle Paper Rolls – Edenvale, Gauteng
Clay Worx – Hartbeespoort, Noordwes
Creo – Pretoria, Gauteng
Visi Landscaping & Interior Décor – Pretoria, Gauteng

Kalender: Maart – Mei 2009

25 Maart	Jesmond Dene Handelsdag
	Charlie Dimmock Gala-aand
26 Maart	'Life is a Garden' komiteevergadering
27 – 29 Maart	Gardenex
2 April	Tuinsentrum Kompetisie subkomitee vergadering
	Werkswinkel oor Saailinge
8 April	Sierplantkwekers vergadering
15 April	Opleidingsvergadering
16 April	Konvensie komiteevergadering
21 April	Plantimex Handelsdag
	GCA Cape vergadering
23 April	SAKV Uitvoerende Raadsvergadering
30 April	SAKV Bemarkingskomitee vergadering
	GCA Gauteng vergadering
5 Mei	Saailingkwekersvereniging vergadering
13 – 15 Mei	SAKV Konvensie
26 Mei	Werkswinkel: chemikalieë
27 Mei	GCA Cape vergadering
28 Mei	Beurskomitee vergadering

Terugvoer – SAKV Uitvoerende Raadsvergadering: 19/2/2009

Opleiding:
Opleiding geniet tans aandag onder die leiding van Doug Watson. Gereelde vergaderings word met aandeelhouers vanaf tersiêre en informele opleidingsektore gehou om eenvormigheid te verkry. Die hoofdoel van hierdie portefeulje is om te verseker dat onderrig en opleiding wat in die toekoms aangebied sal word, die industrie se behoeftes sal vervul. Hierdie is 'n langtermyn projek en ons wil vir Doug bedank vir sy harde werk en deursettingsvermoë.

Tuinsentrum Kompetisie 2010:
Die Tuinsentrum kompetisie 2010 word tans hersien. 'n Vraelys oor moontlike wysigings aan die kompetisie, is aan kleinhandelaars gestuur en 'n subkomitee is aangestel om hierdie veranderinge en verskeie borgskap opsies te ondersoek.

'Life is A Garden':
Die 'Life is a Garden' veldtog vir 2009 is besig om momentum te kry en is gefokus rondom verskeie publieke veldtogte onder andere Boomplantdag.

Lede word vriendelik herinner om vir Kay Montgomery te kontak, sou u inligting en voorstelle vir die veldtog wil deurgee of indien u hierby wil inskakel. Vir meer inligting kan u die webwerf www.lifeisagarden.co.za besoek.

Streekslidmaatskap:
Die noodsaaklikheid vir 'n kwekersforum in die Kaap is geïdentifiseer en deur die Sierplantkwekersvereniging is 'n inisiatief om 'n kwekerstak in die Kaap area te stig, onderneem. Ons wil vir Michelle van San Michelle Farms bedank vir haar bereidwilligheid om hierdie inisiatief te lei.

SAKV 'Green Business' Tydskrif:
Die tweede uitgawe van ons 'Green Business' Tydskrif is by die SAKV Handelsdag uitgedeel en sal ook aan lede wat nie die skou bygewoon het nie, gepos word.

SAKV Lidmaatskap CD:
Die Uitvoerende Raad het 'n Lidmaatskap CD geskep met inligting oor die SAKV, lidmaatskap, verenigings, Borgskap, 'Life is a Garden' en ander toepaslike inligting. Hierdie CD's sal aan alle SAKV hooflede gepos word. Enige kommentaar en voorstelle sal waardeer word!

SAKV Gholf & Spa Pretdag: 17 Maart 2009

Die SAKV se eerste Gholf en Spa Pretdag is op 17 Maart te Roodepoort Country Club, Ruimsig gehou. Elf spanne het deelgeneem aan die gholftoernooi en almal het hope pret gehad. 'n Paar SAKV lede het verkies om 'n ontspanne middag by die Spa te geniet en het later by die gholfers aangesluit vir skemerkelkies en die prysuitdeling.

Veels geluk aan Efekto wat die trofee gewen het. Kort op hul hakke was Isowall in die tweede en Vrone in die derde plek.

Baie dankie aan almal wat aan hierdie dag deelgeneem het en 'n spesiale woord van dank gaan aan Charles Oosthuizen wat die dag georganiseer het.

SAKV Verskaffer Kompetisie 2009:

Alle kleinhandelaars word vriendelik herinner om hul nominasies vir die SAKV Verskaffer 2009 voor of op Woensdag, 25 Maart aan Yolanda op info@sana.co.za te stuur. Aangeheg vind asseblief 'n nominasievorm vir u gerief.

SAKV Handelsdag: 11 Maart 2009

Baie dankie aan almal wat by ons aangesluit het tydens die handelsdag. Die skou het met 106 uitstallers gespog en alle stalletjies het pragtig gelyk. Hartlike dank aan al ons uitstallers wat soveel moeite met hul stalletjies gedoen het – die kwaliteit van uitstallings raak net beter en beter.

Veels geluk aan die stalletjie wenners:

	Kwekery Kategorie:	Verwante, Bol en Saad Kategorie:
1st Place	Rosendal Farms	Starke Ayres
2nd Place	Magalieskloof	Hadeco
3rd Place	Colorweis	Clay Worx

SAKV Konvensie: 13 – 15 Mei 2009

Die SAKV Konvensie is om die draai – trek voordeel uit die die tarief van R3250.00 pp wat deel wat moontlik gemaak is deur die SAKV 2009 Borge en die "Early Bird" tarief. Neem asseblief kennis dat die "Early Bird" afslag van R250 per afgevaardigde geldig is op alle besprekings en betalings ontvang voor die einde Maart.

SNUFFELBROKKIES

Opsoek na Werk:

Michael Oosthuyzen, gekwalifiseerde tuinboukundige en verkoopsbestuurder met 15 jaar ondervinding in die groei van Broodbome en inheemse plante, is opsoek na werk. Verkieslik in Gauteng, maar is bereid om te hervestig indien nodig. Kontakbesonderhede vir CV: Jackie 072 246 1645 / jacolyno@yahoo.com

Hendrik Croucamp, woonagtig in Stormsrivier, is opsoek na 'n geskikte posisie in die groen industrie. ND Tuinbou verkry te Technikon Pretoria. Meer as 18 jaar toepaslike ondervinding en het posisies as projekbestuurder, kwekery bestuurder, senior kweker, en plaasbestuurder beklee. Kontakbesonderhede: 083 432 0468 of 083 452 8481.

Greetings, Gerdie

SANA / SAKV | Tel: 072 994 5368/71 | Fax: 0866182344 | E-mail: gerdie@sana.co.za